# HILLCREST HIGH SCHOOL

## GRAAD 11

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## NOVEMBER 2022

## VRAESTEL 3

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ’n streep deur alle beplanning trek.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **AFDELING A: 60 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 20 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 Die dag toe ek my aanlyn kêrel/meisie in lewende lywe ontmoet het. [50]

1.2 Moet jy ryk wees om suksesvol te wees? [50]

1.3 My droom het waar geword! [50]

1.4 Goeie maniere tel nog! [50]

1.5 Dit is die beste raad wat ek al ooit gekry het. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50 punte**

# AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

## 2.1 INFORMELE BRIEF

Jou maat het uitgevind dat haar/sy ouers gaan skei en is baie ontsteld daaroor.

Skryf vir hom/haar 'n brief waarin jy raad en jou ondersteuning gee. [30]

## 2.2 DIALOOG

Jy het 'n T-hemp gekoop wat jy by die klerewinkel gaan teruggee omdat jy ontevrede daarmee is.

Skryf die dialoog tussen jou en die assistent neer waarin jy verduidelik waarom jy die T-hemp wil teruggee. [30]

## 2.3 HULDEBLYK

Jou gunsteling onderwyser gaan die skool verlaat en jy is deur die skoolkoerant gevra om 'n huldeblyk oor hom/haar te skryf.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

## 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Die jaar was 'n moeilike skooljaar en jy is gevra om die leerders aan te moedig om meer positief te wees.

Skryf hierdie toespraak neer. [30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C:  KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

### 3.1 E-POS

Jy is met vakansie in die buiteland [oorsee].

Stuur 'n e-pos aan jou ouers om hulle van jou avonture te vertel.

Gebruik die e-pos formaat. [20]

### 3.2 INSTRUKSIES

Jou pa is bekommerd dat jy te veel tyd op jou selfoon deurbring. Hy het instruksies gegee oor wanneer en waar jy jou selfoon mag of nie mag gebruik nie.

Skryf die SEWE INSTRUKSIES neer wat jou pa vir jou gegee het. [20]

### 3.3 UITNODIGING

Dit is amper Moedersdag en jy wil 'n partytjie vir jou ma reël om dankie te sê vir alles wat sy vir jou doen.

Ontwerp die uitnodiging en skryf dit neer. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**